Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

**Afrikaans Huistaal**

**Graad 9**

**Vraestel kwartaal 3 – Memorandum**

**Dr. Cecilia Klopper**

**0828720039**

**Afdeling A: LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**
**Teks A: Artikel**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | Die titel gee dadelik vir die leser ’n aanduiding dat die artikel gaan handel oor stap in die buitelug. | **1** |
| **2.** | 100 jaar | **1** |
| **3.** | Enige een.<br>Sommiges wil net tyd in die natuur deurbring, ander wil van probleme vergeet en ander voel hulle wil naby aan die natuur wees om weer hul geloof te versterk. | **1** |
| **4.** | Ja/nee en eie rede | **2** |
| **5.** | Santiago de Compostela | **1** |
| **6.** | By Astorga en in Porto | **2** |
| **7.** | Die Astorga-roete begin in Frankryk en die Porta-roete begin in Portugal. Die Astorga-roete is 260 km lank. Op die Porta-roete stap jy 280 km. | **2** |
| **8.** | Die stad Porto is die oudste stad in Europa. | **1** |
| **9.** | Om aan te dui dat die stappers baie bly is as hulle in Santiago de Compostela arriveer. | **1** |
| **10.** | Kerke en katedrale | **1** |
| **11.** | Dat die mense se voete gewoonlik seer word van die lang stap. | **1** |
| **12.** | Feit, want dit kan bewys word. | **1** |
| **13.** | Toerleiers Evan Naudé en Sam Wroth Rietmann sorg vir al die reëlings in verband met die toerkos, slaapplek, kostes en veiligheid. | **1** |
| **14.** | **Klim** en **daal** | **2** |
| **15.** | Al die stappers plaas ’n klip van hul tuisland daar. Dan dink hulle oor hul seëninge. | **1** |
| **16.** | Dertien dae | **1** |
| | **TOTAAL:** | **20** |

**VRAAG 2**

**Teks B: Visuele teks – Advertensie**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | Mense wat hou van stap. | **1** |
| **2.2** | Die foto's van die stappers en stapskoene, asook die groot letters. | **1** |
| **2.3** | Albei handel oor staptoere. | **1** |
| **2.4** | Teks A is 'n geskrewe teks en Teks B is 'n visuele teks – advertensie. | **1** |
| **2.5** | Dit dui op die dringendheid om NOU plek te bespreek. | **1** |
| **2.6** | Om te beklemtoon dat jy nie te lank moet wag om te bespreek nie, aangesien plekke gou gevul word. | **1** |
| **2.7** | Dit beteken dat die roete al langs die **see** is. | **1** |
| **2.8** | Die seun het sy ma 'n **kus** gegee toe hy oorsee vertrek het. | **1** |
| **2.9** | Eie antwoord met 'n rede | **2** |
| | | **[10]** |

**Totaal Afdeling A: [30]**

**Afdeling B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**Teks C: Strokiesprent**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | "roete" | **1** |
| **3.2** | Okkert waarsku Luka dat hy versigtig moet wees, aangesien daar nie brûe is nie, net klippe. | **1** |
| **3.3** | Uitroep | **1** |
| **3.4** | Okkert vra waar hulle vanaand gaan slaap. | **1** |
| **3.5** | Omdat / aangesien | **1** |
| **3.6** | Figuurlik. Eintlik wil hulle net rus. | **1** |
| **3.7** | Dit dui aan dat dit 'n vraag is. | **1** |
| **3.8** | Aanwysende voornaamwoord | **1** |
| **3.9** | Opgewonde | **1** |
| **3.10** | Energiek | **1** |
| | **TOTAAL** | **[10]** |

**VRAAG 4**

**Teks D: Tydskrifartikel**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Omtrent | **1** |
| **4.2** | Ses en dertig kilometer / ses-en-dertig kilometer | **2** |
| **4.3** | As / wanneer | **1** |
| **4.4** | Na die **dubbelpunt** word verduidelik waarom jy versigtig moet ry, naamlik as gevolg van die slaggate in die pad. | **1** |
| **4.5** | Die **ellips** dui aan dat die sin nie voltooid is nie. Jy behoort na te dink oor wat sal gebeur as jy in een van daardie slaggate beland. | **1** |
| **4.6** | Na die aandagstreep word die name van die twee roetes gegee. Addisionele inligting word gegee. | **1** |
| **4.7** | Betreklike voornaamwoord | **1** |
| **4.8** | Die **koppelteken** word gebruik, omdat daar 'n opeenhoping van vokale in "bo-op" is. | **1** |
| **4.9** | Voegwoord. | **1** |
| **4.10** | **Omdat** die Drakensberg 'n wildernisgebied is, is hier geen gemerkte paadjies en aanwysingsborde nie. | **1** |
| **4.11** | "... en moet hul eie paadjies stap." | **1** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.12** | Oorweging | **1** |
| **4.13** | Dat jy darem warm water (en kos) sal hê, omdat daar gas is. | **1** |
| **4.14** | Gas is egter **nie** beskikbaar **nie**. | **1** |
| **4.15** | Ons verwag vandag ’n vername **gas** en daarom haal Ma haar beste eetgerei uit. | **1** |
| **4.16** | **Bywoordelike bepaling**. Dit is ’n bywoordelike bepaling van plek: **waar** ontspan jy. | **1** |
| **4.17** | ’n Natuurreservaat is ’n plek waar jy kan rondstap of -ry tussen die bome, plante en diere. | **1** |
| **4.18** | Kies | **1** |
| **4.19** | Sonder om te wag / sonder om tyd te verwyl / sonder om tyd te mors | **1** |
| | **TOTAAL:** | **[20]** |

**Totaal vir Afdeling B: [30]**

**Totaal vir vraestel: [60]**